

Kammaland - k

Vandag gaan ons weer Kammaland toe. Vat mamma, pappa of jou teddie se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!

“Goeie dag maat! Welkom in Kammaland. Manie en Nettie wag al om vir jou ‘n nuwe klankie te leer. Miskien moet jy hulle bietjie roep.”

“Wie roep so na ons Nettie?”

“Dit is ons maatjie wat so na ons roep jong. Word nou wakker! Ons moet die maat iets leer!”

“Nou wat gaan hulle vandag leer Nettie?”

“Kom ons twee gaan stap ‘n bietjie en kyk wat ons sien! Ek sien iets wat met ‘n “l” begin! Maatjie, wat sou dit wees? Sjo, maar jy is slim hoor!”

“Nettie, kyk net daar! Ek sien ‘n diertjie wat vir ons twee kyk. Kyk, hy sit met sy stertjie in die lug. Hallo diertjie en wat is jou naam?”

“My naam is Kieter Kater!”

“O, hallo Kieter Kater! Watter sort dier is jy?”

“Aai ou Manie, jy het seker ‘n bietjie vergeet! Dit is ‘n kat!”

“O... ek sien nou! Dit is sowaar Kieter Kater, die kat! Nettie, hoor net al dieselfde klankies! Kieter Kater kat! Maat, watter klankie hoor jy wat dieselfde klink?”

“Ek sê mos vir jou hoe slim ons maat is! Kom ons probeer om die klankie te skryf. Eers die lang strepie van bo-af na onder – dit is sy stert – en dan sy twee voorpootjies in teken. Tel jou handjie op om dit te doen. Jy kry dit sommer baie mooi reg hoor. Gaan oefen dit nou so ‘n bietjie. Manie, ons moet nou vir Kieter Kater en ons maat groet. Ta-ta maat!”

“Ja, totsiens hoor! Sien jou weer!”

Vat weer mamma, pappa of teddie se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.



